


# RAKA
## die roman

koos
KomBUiS

- Quotes . . . Inspirasie . . .
- Opgedra aan . . .
- Hoofstukke . . .
- Karakters . . .
- Temas . . .
- ‘n Woordjie van . . . *Hennie Aucamp*
- Resensie . . . *Dawid de Villiers*
- My opinie . . . *Marisa van der Merwe*
- Koos sê . . . (omslag van boek)

They have cast me as an archetype of middle-class complacency. Very well, then, that is what I shall be for them . . . I have said that I never considered myself responsible for the world's ills, not for causing them. The world was in my view a jungle overrun with savages, just as it had always been.

**John Le Carré (*Our Game*)**

Glo dit as jy wil, maar dit was kannibalisme wat die voorganger was van vandag se tafelmaniere.

**Peter Veldsman (*Die Burger*, 6 Februarie 2004)**

Among the things that make life worth living for some of us wretched souls is the kind of bad – though not evil – behavior that can be roughly characterized as sin. Yet, heaven knows, these days sin – however stylish and satisfying, and despite its generous contribution to the overall texture of that state of grace known as being alive – has fallen into disrepute.

**Bob Shacochis (*Smoking, Drinking & Screwing*)**

terug

# vir Kleinboer

*(want dis alles jou skuld)*

terug

# HOOFSTUKKE

die **dag** toe die **ondier** gekom het,

die **aand** toe die **ondier** gekom he,t

die **vroue** het **dit eerste** gesien,

die **klok** slaan **twaalfuur**,

toe die **eerste donderweer** kom,

die **hotnotsgot op** haar **vensterbank**

“soos die **walvisse**, my **china**,”

**daar** was **geen voorbode** of teken

dis die **uur** van die **tokkelosie**,

die **afval** het **goed** gesmaak, **maar**

**en** dit was **aand en** dit was **môre**,

**en** as die **heilige hel** los is,

dis die **geritsel** van die **riete**

soos **'n engel** wat na **benede stort**,

dis **die blond**, dis **die blou**,

"die **aarde** was **woes** en **leeg**,"

**nie** met **harp-** en **sitertone** nie,

**Raka** se eerste **media**-onderhoud

op **vlug** van die **swart** dier

die **skokkende nuus** het almal **geruk**,

dié **nag** het die vure **hoog** gebly

die **baba** kyk **stip** na hom,

die **maan** was **rooi** soos **bloed**

die **einde**

terug

terug

# DIE OPPERMAN GESIN

## THEUNIS

- Dominee
- Alkoholis
- Affair met skoonsuster
- Geloofsbetwyfeling
- Pervers

## NERO

- Hond
- Baie oud

## GOGGA

- Mevrou dominee
- Alleen, depressief
- Swak verhoudings
- BA-HOD by US

## MELANIE

- 15 jaar oud
- Verlief op Wayne
- Sing in die band
- Rook dagga

## WERNER

- Oudste kind - verloof
- BA Regte by US
- Lid van jeugtak Demokratiese Alliansie
- Gelowig - Studentekerk
- Maties Rugby
- Sosiaal, almal hou van hom

## JACQUES

- Musikaal, speel kitaar & sing in band
- Rook dagga

## JOZUA

- Jongste seun - Jozi
- Digter/skrywer
- Skaam, introvert (kamer)
- Skryf liedjies vir band

geloofstwyfeling

versoekings

onsekerhede

terug

"*Raka die roman* kan as 'n kabaretroman bestempel word soos dié wat Brecht, Erich Kästner en Guus Vleugel in Europa geskryf het; Koos Kombuis se roman, musiekinsetsels kompleet, is waarskynlik die eerste kabaretroman in Afrikaans."

*Hennie Aucamp*



terug

*Resensent: Dawid de Villiers*

# Die dag toe die ondier gekom het en alles opgevoeter het.

Miskien som dit die roman op. Nee, ons moet dit nie ‘n roman noem nie. “Roman” is te outyds, te strukturalisties, te formeel. Dit is ‘n boek wat ondermyn en ontgogel, maar ook toenemend ontstel en skok. Dit is eerder ‘n gruverhaal. Ds Theunis Opperman is die tragiese held van die boek. Te midde van die een morele flater na die ander verrys hy as apostel van die alternatiewe geloof en groei sy gemeente paradoksaal. Hy raak wyshede kwyt vir ons tyd wat ‘n guru sou begeer.

Die disfunksionele Opperman-gesin eksisteer as eilande los van mekaar en van die begin af dreig daar onvermydelik ‘n ramp wat erger is as wat jy jou kan indink – gelukkig eindig die boek net voor Armageddon kom. Maar intussen word mense verwoes deur onpeilbare magte wat hulle sekerhede rysmier en hulle veilige patrone afskil. Raka – wie hy, sy of dit ookal is – is op die loer, ondermyn in talle gedaantes en die Oppermans is die noodlot se fokus. Waarom, weet niemand nie.

Dit is nie ‘n boek wat jou depressief agterlaat nie. Inteendeel, daar is gedeeltes in die boek wat so skokkend snaaks is dat ‘n mens soms wonder of die skrywer nie ‘n bietjie met die leser wil toor nie. Die komiese bring ontlading, hoewel dit die intrige des te meer tragies maak.


Dit bied miskien ‘n toekomsfantasie, maar dan ‘n baie naby toekoms. Die werklike en verbeelde vrese van die Afrikaner word tot die absurde oopgevlek. Alles vloei. Daar is geen vaste waarhede of sekerhede waaraan jy jou kan anker nie. Die idille van die Christelike gesin is finaal by die venster uit en die mens binne die nuwe, veranderende samelewing kan homself nie red nie. Om dalk maar net bewus te word van die feit dat die relatiewe realiteit gekom het om te bly, is dalk ‘n eerste stap na ‘n post-moderne evangelie.

Wat intussen oorbly om van te lewe, is nie juis seker nie. Daar is nog nie nuwe gode om die plek in te neem van die oues wat doodgemaak is nie. Dit laat ‘n mens dink ...

terug

**Die dag toe die ondier gekom het en die Opperman's verwoes het.**

Hierdie boek is weer vintage Koos Kombuis. In 'n skerp satire met baie donker ondertone beeld Kombuis die verval van die Afrikaanse samelewing uit. Die hooffokus is 'n predikantsgesin, maar eintlik loop ons almal deur. *Raka: die roman* ontgin die vrese van die moderne Afrikaner in hierdie nuwe millenium.




Boekbekendstelling – Protea Boekwinkel

terug

die **dag** toe die **ondier** gekom het,

was daar geen rusies of sosiale funksies in die Opperman-huishouding nie. Dominee Theunis Opperman was in sy studeerkamer, besig om te skryf aan sy preek vir die volgende dag. Mevrou Dominee Theunis Opperman was reeds in die dubbelbed, haar gesig vol room gesmeer, verdiep in Faye Kellerman se nuutste speurverhaal. Hul oudste, Werner, was besig om om die blok te draf, geklee in sy Matie-sweetpak en tekkies. Onder in die kelder langs die tafeltennistafel was die jonger broer, Jacques, besig om dagga te rook saam met die bure se seun terwyl die sussie, Melanie, sit en huiswerk doen en opgemerk ogies maak vir die bure se seun. Die jongste Opperman-seun, Jozua, was alleen in sy kamer met die nuutste *Loslyf*.

die **dag** toe die **ondier** gekom het,

was die weer matig, en daar was nog geen teken van die strawwe winter wat sou volg nie – óf van enige van die opspraakwekkende gebeure wat die Oppermans in die volgende weke en maande sou tref nie.

“*Raka – die roman* ontgin die vrese van die moderne Afrikaner in hierdie oorgangstryd van die oue na die nuwe, van die lokale realisme na ‘n virtuele, relatiewe werklikheid. Die ou gode het gesterf, maar daar is nog geen nuwes om hul plek te neem nie.”

– Koos Kombuis



[WIE IS KOOS KOMBUIS, DIE SKRYWER?]

# WIE IS KOOS KOMBUIS, DIE SKRYWER?

***(uit die mond van die suigeling)***

Koos se foto's

Lees en skryf was van kleins af my grootste liefde - ek onthou nog goed hoe ek as tjokkertjie agter my pa se reusagtige Underwood-tikmasjien gesit het en die alfabet met twee vet wysvingertjies geslaan het. Die tikmasjien was so hoog dat ek op my knieë bo-op ‘n klomp kussings, bo-op ‘n hoë stoel moes sit om by te kom. Die boeke wat ek wou lees, was gelukkig nie so moeilik om by te kom nie. Die Agatha Christies en Raymond Chandlers op die hoë rakke het my nie geïnteresseer nie. Ek het meer belang gestel in die rytjie boeke op die heel onderste rak.

Dit was ‘n klompie stowwerige literêre boeke wat ons by my Oupa present gekry het. Oupa Schoonees was self ‘n interessante man; hy het geweier om by die Broederbond aan te sluit, en so net-net rektorskap van Stellenbosch Universiteit vrygespring ! Later jare het hy ‘n onskatbare bydra gelewer tot die samestelling van die HAT. As klein seuntjie het ek ure op die mat voor die boekrak deurgebring met my neus in ou digbundels deur Totius en Toon van den Heever.

Ek onthou dat ek een dag in trane was oor Eugène Marais se gedig *Skoppensboer*; nie omdat die gedig my hartseer gemaak het nie, maar omdat my ouers nie die gedig vir my wou verduidelik nie! My eerste pogings as volwasse skrywer was meestal soetsappige snert - die soort stories wat maklik in gesinstydskrifte gepubliseer is, en ‘n paar rand in my sak beteken het. Ek was buitendien te lui om eerbare werk te doen !

Later, as André Letoit (die uitgewers en literêre boffins kon dit so mooi in Frans uitspreek, sonder om ooit te besef dat dit maar net 'n anagram vir *toilet* was !) het ek ‘n skielike vloed van publikasies die lig laat sien. Drie digbundels, drie kortverhaalbundels, vier romans, en een bundel korrespondensie het verskyn by uitgewers HAUM Literêr, Human en Rousseau en ander. Hierdie boeke is wel hoog aangeskryf deur al wat ‘n resensent is, maar ek wéét dat dit ver van my beste was.

Ek was self pretentious en vreeslik opgewonde oor al die fancy lunches en skemerkelkies saam met die  literati ! Meerste van hierdie boeke is nie meer beskikbaar nie, maar *Suidpunt Jazz* is in 2005 her-uitgegee deur NB Uitgewers, en daar is sprake dat ook *Somer II* weer die lig sal sien. My eerste ordentlike boek, is ek sad om te sê, was Engels. Dit is ‘n futuristiese feministiese fabel met die titel *Paradise Redecorated*, en was ook die eerste boek wat onder my nuwe naam, Koos Kombuis (Koos - my ou bynaam, en Kombuis - omdat ek toe in 'n kombuis gewoon het en aan niks beter kon dink nie), gepubliseer is.

Ek sou graag ‘n nuwe weergawe van dié boek wou skryf en natuurlik wil ek baie graag ‘n meesterstuk in Afrikaans publiseer ! *Bitterkomix* publiseer in 1998 vir die eerste keer in jare ‘n digbundel van my, *Die Tweede Reën*; ‘n versameling effens dated gedigte wat ek reeds in die vroeë nineties geskryf het, meestal onder die invloed van ‘n paar verbode middels.Behalwe om "rêrige" boeke te skryf, is een van my gunsteling stokperdjies die saamflans van self-gepubliseerde, gefotostateerde knip-en-plak boekies.


So verskyn *Afrikaans My Darling*, *O - ‘n Ronde Roman* in hierdie formaat. Ek is regtig trots op my latest pogings; ***Seks en Drugs en Boeremusiek***, 'n outobiografie wat my gehelp het om van 'n klomp hang-ups ontslae te raak; ***Hotel Atlantis***, wetenskapfiksie oor die laaste dae... en ***The Secret Diary of God***, 'n storie wat ek al jare in my rond dra en uiteindelik kon vertel en die riller, ***Raka, die Roman***, wat my so bang gemaak het terwyl ek dit geskryf het, dat ek sommer weggeloop het vir 'n dag of wat!

Ek skryf ook ‘n *Koos se Spens*, vir die Litnet Website en enetjie vir Rapport. So af en toe vra glanstydskrifte soos *Insig* en *De Kat* my om ‘n woordjie te doen. Daar het reeds twee versamelbundels met rubrieke verskyn - *My Mamma is 'n Taal* en *Afrikaans*, *my Darling* beide by NB Uitgewers.

terug



Foto: Adéle Hamblin



**SKOOLDAE !**

**Ek, regs, en my twee beste tjommies, Vaatjie (middel) en Etienne in st. 9 (Paul Roos Gim., Stellenbosch). Vaatjie sou later 'n dominee word en Etienne 'n bekroonde Afrikaanse skrywer.**

**TOEKA SE DAE !**

**1994: Ek was heelwat dunner as vandag, maar ook sommer baie ongesonder. Hier werk ek in Durban aan die opname van 'n CD wat nooit die lig sou sien nie.**





**NOU SE DAE !**

**1997: Tydens die recording van *Madiba Bay* by *Sunset Studios*, Stellenbosch. Die nice kiekie is geneem deur OneLove, selfde ou wat Madiba 'n joint laat rol het op die *Trippy Grape* poster wat nou die hele Internet vol lê.**

## MY SEUN, SIMON

**Soos enige ander pa neig ek tot nimmereindigende, emosionele verbale diarree as dit by my seun kom, dus volstaan ek nou by die feite:**
**Simon Verster Du Toit, gebore 1 Augustus 2000.**
**Duidelik sy pa se kind !**







**Marleen Fia Du Toit,**
**gebore 15 Julie 2002.**
**Beeldskoon !**





# Hier sit die Manne !



**Die SAP op die uitkyk vir hippies, eendsterte en komuniste tydens 'n *Corporal Punishment* (James Phillips) konsert in die laat 70's. Hear no evil...**

terug

"*Raka – die roman* ontgin die vrese van die moderne Afrikaner in hierdie oorgangstryd van die oue na die nuwe, van die lokale realisme na 'n virtuele, relatiewe werklikheid. Die ou gode het gesterf, maar daar is nog geen nuwes om hul plek te neem nie."

– Koos Kombuis



WIE IS KOOS KOMBUIS, DIE SKRYWER?

Human & Rousseau
Kaapstad   Pretoria
www.humanrousseau.com

ISBN 0 7981 4589 7